

Sondag 15 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:4-8

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:8

Geveg om lewe en dood

Die gelowiges hoef nie bang te wees as die dag van die Here aanbreek nie. Hulle is mos mense van die lig en nie van die donker nie.

Lig staan teenoor donker soos orde teenoor chaos staan, soos veiligheid teenoor ge-vaar staan, soos blydskap teenoor jammerte staan, soos waarheid teenoor leuen staan, soos die lewe teenoor die dood staan, en verlossing teenoor oordeel staan. Dit is die teen-oorgestelde van mekaar en kan nie gelyk saam daar wees nie.

As gelowige moet jy die “lig so laat skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik” (Matt. 5:16). Jy moet geestelik gereed wees en net die dinge doen wat met wakker bly en nugterheid geassosieer word, naamlik selfbeheersing, goeie oordeel en goeie onderskeidingsvermoë.

Paulus gebruik die vergelyking van die kleredrag van ’n soldaat om aan die gelowiges die belangrikheid van geloof, liefde en hoop op verlossing te beklemtoon. Net soos wat die borsharnas en die helm vir ’n soldaat noodsaaklik is om die geveg te oorleef, net so is geloof, liefde en hoop op verlossing vir gelowiges noodsaaklik om in staat te wees om hulle te verdedig.

Soos soldate, is ons ook in ’n lewensgevaarlike situasie. Petrus beskrywe dit: “Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind” (1 Pet. 5:8). Mag die Heilige Gees ons help en die krag gee om te oorwin.

Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2

Dr. Jan Lion-Cachet (Klerksdorp)